Nuusbrief van die Houtwerkvereniging van Pretoria

Tambotie

Newsletter of the Woodworking Association of Pretoria

Oktober 1999 October

Van Mense en Dinge

Ek hou van sukses stories. So 'n paar weke terug het ek so ver gekom om weer 'n slag vir **Willie Marneweck**, daar by sy opset in Silverton, te gaan kuier. Sedert my vorige besoek is daar heelwat interessante verandering aangebring.

Willie, 'n ingenieur van beroep, het 'n klompie jare gelede besluit om vaarwel te sê aan die korporatiewe sektor en sy eie klein meubelmaak onderneming te begin.

In hierdie opsig was hy gereedskap gewys goed toegerus met 'n verskeidenheid van masjiene, krag– en handgereedskap wat vanaf sy huis werkskamer na die nuwe perseel oorgeplaas is.

Toe hy nog in die beroep was, was hy 'n ywerige amateur houtwerker en draaier – hy is 'n stigterslid van ons vereniging en was ook vir baie jare voorsitter. 'n Paar jaar terug is Willie vereer as die eerste ere-lid van die vereniging as blyk van waardering vir sy dienslewering aan die vereniging.

Ons ken vir Willie nie alleen as 'n baie knap en vaardige houtwerker nie, maar ook as iemand wat oor 'n wye kennisbasis beskik as dit by houtwerk kom. Ons is al gewoond aan die hoë standaard en kwaliteit van sy handewerk - die presiesheid en deeglikheid van 'n ingenieur is duidelik te bespeur in die kwaliteit van sy produkte.

Willie het sewe swart personeel in diens – 'n kabinetmaker met 30 jaar ondervinding ('wat nog foute maak') , 'n masjinis , vier skuurders en 'n tee– dame.

Die masjienkamer is goed toegerus met 'n langbed vlakskaaf, dikteskaaf, twee tafelsae, bandsaag, afsnysaag en 'n pragtige ou Wadkin Burges industriële tapmasjien. Sy draaibanke is by die huis. Willie is iemand wat baie gebruik maak van setmate en ook afsnytafels vir sy tafelsae. Sodoende word akkuraatheid en eenvormigheid verseker. Meeste van die masjiene is aan 'n stofsuigstelsel gekoppel en werk met individuele mikroskakelaars – as die afsluitklep by die betrokke masjen oopgetrek word skakel die stofsuier aan.

Die skuurkamer is 'n nuwe toevoeging en dien ook as 'n snykamer vir die opsny van groot velle. Skuurwerk is 'n noodsaaklike euwel by houtwerk maar tog baie belangrik en 'n gededikeerde ruimte daarvoor was noodsaaklik , was Willie se opmerking.

Weg van die masjien- en skuurkamers is daar die kabinetkamer of "assembly room" soos hulle in Engels sê. Hier word die afwerking gedoen en die komponente aanmekaargesit. Die stoorkamer is naasliggend en al die hardeware is dus binne maklike bereik.

Willie beplan die toevoeging van 'n spuitverfkamer in die nabye toekoms. Tans word dit onderdak op die stoep gedoen en dis nie altyd 'kosher' nie sê Willie.

Sy werk is meesal op bestelling - Willie het nie 'n groot reklame poging nie en vind dat tevrede kliente hom by ander potensiële kliente aanbeveel.

Die werk wat hy onderneem is baie gedeversifiseerd – van 'n staander vir twee groot olifanttande tot 'n verstelbare direksietafel en stoele met 'n vindingryke poot opset vir wanneer die tafel in twee verdeel word; ingeboude kaste; TV kabinette; kantoor suites; kroeë en baie meer.

Ontwerp neem baie van sy tyd in beslag veral as dit kom by stoele. Nadat 'n aanvanklike ontwerp aanvaar is word 'n model of proto-tipe gebou wat dan verfyn word totdat almal gelukkig is. Die mates, setmate, masjienstellings, prosedures en tegnieke word dan alles hiervan geneem. "Jan Publiek het nie altyd begrip vir die tyd en poging wat in die ontwerp en bou van 'n stoel opgelsuit is nie" sê Willie "en vind dit dus soms moeilik om die prys daarvan te verwerk". Hy maak baie gebruik van die TurboCad rekenaarprogram vir die ontwerp van projekte.

Willie maak nie net mooi en ellegante meubels nie, maar voorsien ook 'n baie lêkker koppie bossie tee.

Dit was 'n groot en miskien ook 'n riskante stap wat Willie geneem het en die paadjie was ook nie aldag geteer nie, maar vandag kan ons rapporteer dat hy 'n sukses daarvan gemaak het en dat dit met hom en sy besigheid goed gaan.

Sterkte vorentoe Willie.

Ons Adres
Tambotie
Posbus 50993
Wierdapark, 0149
Tel en Faks: (012)654-5785
E-pos: tambotie@mweb.co.za

Previous Meeting

Ten spyte van 'n ysige koue wind(dit sal julle leer om my weervoorspellings te glo), was daar 'n goeie opkoms gewees. Ons is ook vereer met die besoek van Marius Stroebos, Andre Brand en Wickus van Straten. Hoop ons sien hulle weer. Dit was ook goed om die eggenotes van twee van ons lede by die byeenkoms te sien. Dankie vir julle belangstelling.

Die voorsitter het verneem of daar enige lede is wat sou belangstel om B&D produkdemonstrasies, teen vergoeding naturlik, Saterdagoggende aan te bied by plaaslike verspreiders. So ook die vervaardiging van laaaang pepermeules. Belangstellendes moet aub vir Chris kontak.

Strooibiljette en plakkate, vir ons naderende houtwerkdag/ uitstalling, is aan lede uitgedeel met die versoek om dit in hulle plaaslike omgewing uit te deel en op prominente plekke te laat vertoon.

It was a nice change to be addressed by someone from the opposite sex. We were priveledged to have two charming ladies share their knowledge with us.

Cathy Immelman and **Michele Mariano** are both stained glass artists. Cathy has a private business called *The Magic Window*, and appart from a wide range of stained glass work she also does computer assisted glass sandblasting. It was very clear that Cathy enjoys her work and that she is a perfectionist. Michele has a business, *Glass Fantasies*, in Eldoraigne. They manufacture to order unique high quality stained glass products in a modern fully equipped studio. She also offers courses, in conjunction with Centurion College, for beginners and advanced students.

We were initiated into the scope and techniques of stained glass work. The examples they brought along were evidence of the high quality work they produce- windows, cabinet doors, skylights, doors, lamps etc of all shapes, sizes and designs. Cathy also explained the technique she uses to sandblast glass. Once the design has been finalized on the computer it is transferred to a special plotter that cuts the design onto vinyl which is then fixed to the glass before sandblasting.

As someone once said, beauty is in the eyes of the beholder, and as Cathy aptly said, "We create beauty".

Thank you girls for a most interesting and enjoyable presentation.

If you're interested contact them at:

Cathy: (012) 6667622 / 083-2553294

Michelle: Eldo 3 Shopping Centre, Mulders Mile. Eldoraigne Ext 3 (012) 653-5326.

Fluit - fluit, my Stoom is uit

Die tweede aanbieding is aangebied deur **Carel Louw** wat gesels het oor die stoombuig van hout. Op sy kenmerkende droeë humoristiese manier het Carel homself gediskwalifiseer as n deskundige op die gebied. Stoombuig van hout is 'n baie ou tegniek wat in die verlede deur opgleide vakmanne uitgevoer is. "My kennis is beperk tot dit wat ek gelees het en die klompie goed wat ek al gemaak het", was sy beskeie opmerking.

Carel het verduidelik dat daar basies drie metodes bestaan om 'n reguit stuk hout te buig. Eerstens kan groen takke gebruik word om in die verlangde vorm te buig . Dit word dan met spykers of tou aan

ander komponente vasgeheg.

Die tweede metode behels die 'sagmaak' van die hout deur dit in 'n spesiale houer of oond te stoom waarna dit op 'n vorm geklamp en toegelaat word om droog te word. Die algemene reël, sê Carel, is 1-uur stoom vir elke 25mm dikte.

Derdens word 4–5mm dik stroke van 'n plank gesaag, gestoom en daarna in die verlangde vorm gevorm. Na hulle toegelaat is om behoorlik droog te word, word die individuele stroke aanmekaar gelym en weer in die vorm vasgeklem. Die eindproduk is 'n baie sterk gelamineerde vorm.

Carel het verder verduidelik dat nie alle houtsoorte vir stoombuig geskik is nie – wat wel nodig is, is hout met 'n reguit grein. Tradisioneel word *eik, beukehout (beech) of essenhout(ash) gebruik.*

'n Stoomapparaat kan heel maklik uit 'n lengte dakgeut(verkrygbaar by Buchels), en 'n huishoudelike ketel vervaardig word. Die stoom kan of direk vanaf die ketel aan die een punt van die geut ingevoer word of dmv 'n pyp. Sit iets in wat verhoed dat die hout deurval. Die ander kant word met lappe toegemaak. Die hout binne in die geut moet verkieslik nie aanmekaar raak nie.

Carel beveel aan dat geskikte handskoene(ook by Buchels verkrygbaar) gebruik word om die hout te hanteer. Om die gelammineerde stroke te lym gebruik hy *Balcotan* (steeds Buchels) omdat dit 'n waterdigte lym is. Carel waarsku teen die gebruik van gaping-vuller-tipes lym. "'n Man het ook heelwat klampe nodig", se Carel (weereens Buchels).

Dankie Carel vir 'n interessante en leersame praatjie.

Nota: Carel het aan my bevestig dat hy nie aandele in Buchels besit nie –V

Next Meeting

We get together on the **27th of October at Eldoraigne High School**. The evening will be hosted by the turners sub-group, and the programme will include demonstrations of spindle and bowl turning for beginners. Lathes and tools will be discussed and I assume that someone will entertain us with some fancy turning.

This will be an ideal opportunity for those members who would like to try their hand at turning to see and hear what it entails.

Starting time is around 1800.

AWSA

Unfortunately the report on the AWSA Congress was not available for inclusion in this issue. We will do so next month.

The Lowly Stool

We take too many things for granted. One such example is the humble stool. Have we ever given thought to it's place in the history of furniture. And an interesting history is has too.

At the court of Louis the XIV he was the only person allowed to sit on a chair. Even the Duchess had to be content with a stool – the lower down the pecking order, the more uncomfortable the stool.

Various names have been given to different stools, such as "Creepie" for a low stool used in Scottish churches before pews became common; and "Cricket" that children sat on. Stool names often reflected their function such as "gout" stool; foot stool; embroidery stool; bathroom, kitchen and bar stools.

Some stools continue to be popular such as piano, music and bar stools. Our own 'riempie' stool has also been around for a long time.

At some stage a low back without arms was added to the stool. When the back and seat were upholstered it became known as a "chaise".

The first stools to appear were of the three legged variety for use on uneven floors such as milking stools. Someone replaced the legs with two boards and added a rectangular seat which became a small bench for a single person. In the royal courts it received higher importance than the stool.

So, the next time you park yourself on a riempie or bar stool (more likely), spare a thought for it's humble origins.

(Adapted from an article in The Woodworker, September 1999)

Planked Manuscripts

Paper, in one or other form, can rightly be called the traditional medium for disseminating knowledge. Early manuscripts were written on papyrus or animal skin. Pages were sewn together to form books.

What is of interest to us, however, is that in some of the world's great libraries we find manuscript books of which the front and back covers were made of thin sheets (6mm or less) of planed wood and which are more than 900 years old.

The covers were engraved with various intricate letters, symbols and motifs. They were made by woodworkers of the so called Dark Ages and are still doing the job for which they were intended.

It might have been dark, but these guys surely were enlightened as to the use of wood.

Jaarlikse Uitstalling

Algemene Informasie

Vir lede se gerief word die volgende informasie tov ons houtwerkdag verskaf aangesien die November uitgawe van Tambotie nie betyds by u gaan uitkom nie.

Items vir Beoordeling en Uitstalling

Alle items vir beoordeling en uitstalling moet asseblief Vrydagmiddag, 12 Nov 99, tussen 1400 en 1900, by die saal afgelewer word. As dit nie moontlik is nie, bv lede wat ver bly, moet u vooraf met Chris Serfontein die nodige reelings tref. Items word vanjaar reeds Vrydagaand beoordeel en daarom sal u samewerking in die verband waardeer word. Sertifikate sal met die afsluiting oorhandig word.

Programme

Gates open at 0900 for the public. Members will be allowed in from 0830. The entrance fee is R5.00 (children gratis). All tickets are numbered which will be used in the hourly lucky draw. There are nice prizes to be won, the final prize being a TV-cabinet kindly donated by **Anton van Zyl**. So remember to hang on to your tickets.

Refreshments will be available including boerewors rolls. The pub will also be functioning.

Various firms will be conducting tool and product demonstrations during the day. This will be augmented with turning and other demonstrations by members of our association.

A braai is being arranged for members and their families after the exhibition. Braai packs will be available.

Ouens, die komitee het en is steeds besig om hulle kant te bring tov die reelings, maar die sukses van die dag gaan grootliks van u betrokkenheid en belangstelling afhang. Bring asseblief Vrydag u werkstukke (onthou die Projek Plank items) selfs die items wat u vroeer gemaak het. Hierdie is die geleentheid om vir die publiek en u kollegas te wys waartoe die lede van ons vereniging instaat is.Die komitee soek **volume** om die uitstalling interessant te maak. Bring manne bring!

Invitation

The committee would like to use this opportunity to extend an invitation to members of other woodworking associations/clubs/guilds etc to attend our exhibition. If you are in the area over that period please drop in. We would enjoy making new acqaintances with like minded colleagues.

Nuwe Lede

Hierdie maand is daar vyf nuwe lede. Baie welkom manne en ons vertrou dat julle sommer gou by ons verrigtinge gaan inskakel.

Dannie Myburg is 'n SAPD lid, woon in Maroelastraat 14, Orchids en doen algemene houtwerk.

Jampie Muller is ook 'n lid van die SAPD, stel belang in draai en wipsaagwerk. Hy woon in Ferrielaan 24, Eldorette, Acasia.

Johan Kok is 'n koper van beroep en woon in Blairstraat 8, The Reeds. Sy belangstelling is draai en meubelmaak.

Wickus van Straten stel weer belang in restourasies en meubelmaak. Hy is 'n fabrieksbestuurder en woon in Denys Reitzweg 33, Meerhof, Hartbeespoort.

Dan is daar **Andre Brandt**, 'n afgetrede staatsamptenaar, wat in Van Wouwstraat 9, Groenkloof woon. Andre doen algemene houtwerk.

Saam met u Tambotie is daar 'n aantal pamflette, oor ons uitstalling, ingesluit. U word vriendelik versoek om dit onder vriende, familie en belangstel-

HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA.
WOODWORKING ASSOCIATION OF PRETORIA.

Saturday
13 November 1999

From
09h00 to 17h00

WOODWORK EXHIBITION AND DEMONSTRATIONS

All Welcome - Bring your family and friends along!

Lions Club, Umgazi Road
(Next to Atterbury Road)
Menlo Park
(See map)

Prizes drawn every hour on the hour

Exhibitions

- Wood turning
- Furniture
- Ornaments
- Antique wood-working tools

Demonstrations

- Austro combination machine
- De Walt power tools
- Trition work centre
- Festo woodwork systems
- Painting techniques and decoupage
- Wood turning



Enquiries:

Chris Serfontein
Tel: (012) 346-4580

Exhibitors:

triton
Workshop Systems (SA)

TIMBER CITY

Bedson Timbers (Pty) Ltd.

SILVERTON
HOUTHANDELAARS (EDMS) BPK
TIMBER MERCHANTS (PTY) LTD

ABTOOL

AUSTRO

FESTO

DEWALT
High Performance Industrial Tools

Hardware Centre

Agriprint (012) 804-3117